

AANSTEEKLIKE KINDERSIEKTES

SIEKTE EN INKUBASIE TYDPERK	VERSPREIDING METODES	SIMPTOME	PERIODE WAARTYDENS AANSTEEKLIK	BELANGRIKE KOMPLIKASIES
WATERPOKKIES 10 - 21 Dae	Druppelverspreiding Direkte kontak	Rooi kolletjies - uitslag wat op die tweede dag waterblasies vorm. Droog op en vorm rofies.	Twee dae voordat uitslag verskyn tot die laaste rofies verdwyn.	Ekseem. Littekens as blasies stukkend gekrap word.
DUITSE MASELS 14 - 21 Dae	Druppelverspreiding Direkte kontak	Geswelde kliere agter die ore en in die nek. Fyn uitslag op die eerste of tweede dag.	Vir een week nadat uitslag verskyn. (Vermy vrouens wat in die eerste 14 weke van swangerskap is.)	Infeksie mag die brein affekteer - nie algemeen.
MASELS 7 - 21 Dae	Druppelverspreiding Direkte kontak	Verkoue simptome, hoë koors. Oneweredige uitslag drie dae later, eers agter die ore, gesig en dan die res van die liggaam.	Gedurende die volle periode.	Longontsteking Oorinfeksie Oë mag aangetas word.
PAMPOENTJIES 14 - 25 Dae	Druppelverspreiding Direkte kontak	Hoofpyn, seer keel, koors en swak aptyt. Pyn en swelling van die speekselkliere onder die oor.	Vanaf aanvang van simptome totdat die swelling weg is.	Infeksie kan versprei na die pankreas, brein en testes.
KINKHOES 4 - 18 Dae	Druppelverspreiding Direkte kontak	Ligte hoes en verkoue vir ± 10 dae, gevolg deur hoesspasmas wat dikwels met braking gepaard gaan.	Vir 6 weke vanaf aanvang van simptome	Verstikking Konvulsies Longontsteking